

Saterdag 22 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 39:1-18

Fokusgedeelte: Jeremia 39:12
(1933/53-vertaling)

Wat jy saai, sal jy maai

Paulus skryf in Galasiërs 6:7: ... *God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.* Hierdie hoofstuk getuig van dieselfde waarheid. 'n Mens kan nooit jou daade ontvlug nie. As jy ongehoorsaam is aan God, kan jy die gevolge daarvan nie vryspring nie. Sedekia se besluit om God se Woord in die wind te slaan, het direk gelei tot die wrede dood van baie mense en die verwoesting van Jerusalem. Een man se dwaasheid het verreikende gevolge. Ons daade en besluite het so dikwels dieselfde effek op ons lewe en op die mense om ons. Ons leef nie in isolasie nie en jou daade lei maklik tot jou geliefdes se hartseer en skande.

Maar ook goeie daade het gevolge! Jeremia tree op as mondstuk van God en die uiteinde is dat hy met respek behandel word deur die vyand. Die saad wat hy in geloof gesaai het, dra sy vrug op sy tyd. Daardie saad word soms onder baie druk en selfs lewensgevaar gesaai! Jeremia was ten tyde van Jerusalem se val in die gevangenis omdat hy durf waag het om teen die koning te praat. Tog het hy nie weggekram om aan God getrou te bly nie. Hierdie gehoorsaamheid lewer vir hom genade op. Dieselfde genade ontvang Ebed-Melek wat ook vir waarheid en reg opgekom het toe die koning se amptenare Jeremia wou doodmaak.

Ons pluk elke dag die vrug van Christus se gehoorsaamheid aan die kruis. Die kerk is die gevolg van sy kragtige daade. Gehoorsaamheid aan God is soms die ongewilde ding om te doen. Dit mag selfs vir God se kind skade beteken, of bespotting en verleentheid, maar die vrug bly nie uit nie - Christus gee die oes op sy tyd. Daarom, saai die goeie, al saai jy dit met tranes.

Sing: Psalm 126-1:3

Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)